

Geestelike volwassenheid

Op die pad na geestelike volwassenheid moet 'n mens leer om nie meer net van melk te lewe nie, maar ook van vaste kos. Die skrywer van die Hebreërbrief sê sy lesers moes nou al gereed gewees het om vaste kos te verteer, maar hulle wil nog steeds met melk gevoed word.

Wat is hierdie “vaste kos” waarvan hy praat? Is dit kennis van die moeiliker gedeeltes van God se Woord? Moet ons hard studeer om hierdie gedeeltes baas te raak? Gaan dit oor 'n teoretiese kennis van (veral) die moeiliker dele van die Bybel? Nee, dit gaan beslis nie net oor teoretiese kennis waarvoor jy hoë punte kan kry in 'n eksamen nie. 'n Mens kan die hele Bybel ken en baie weet van die moeiliker dele en tog nie geestelik volwasse wees nie. Kennis alleen kan 'n mens selfs verwaand maak (1 Kor 8:1, 2). In ons Bybelstudie mag dit beslis ook nie gaan oor die blote verwerwing van meer en meer kennis nie.

Wat is belangrik in geestelike volwassenheid? Geestelike volwassenes beskik oor “insig” en hulle is deur “ervaring geoefen” om “tussen goed en kwaad te onderskei”. Dit gaan dus nie net oor teorie nie, maar oor kennis wat met praktiese ervaring ingeoefen is. En nie blote kennis nie, maar “insig” wat kan “onderskei”.

“Onderskeiding” is 'n sleutelwoord in geestelike volwassenheid. Jy leer nie onderskei as jy net meer weet nie. Kyk hoe bid Paulus vir die Filippense (Fil 1:9): hy bid dat hulle “liefde al hoe meer sal toeneem in begrip en fyn aanvoeling”, sodat hulle “die dinge sal kan onderskei waarop dit werklik aankom”.

Dit is die geestelike volwassenheid waarnatoe ons moet groei!

Sing: Psalm 119:7 (1936)

Dr F van der Walt (Emeritus)